Les 12: Die Gelykenis van die Wyse en Getroue Slawe

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

Matteus 24: 45 - 51

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Suigstokkies met n sagte kern (sherbet of ‘n lekker binne in)

Lesinhoud

Hierdie gelykenis vertel Jesus aan Sy volgelinge om hulle te help om tot die wederkoms (die eindtyd) getrou te bly. Jesus vra die vraag: “Watter soort werker sal die eienaar van ‘n besigheid die graagste wil aanstel om toesig oor die ander werkers te hou?”

Natuurlik is die antwoord: Daardie werker wat sonder toesig en op sy eie hard kan werk. Die getroue en verstandige werker sal gekies word. Of die voorman of eienaar daar is of nie, die werk word getrou gedoen. So ‘n tipe werker sal deur die eienaar vergoed word. Hy sal nog meer verantwoordelikhede bykry omdat die eienaar sien hy kan dit hanteer. Die tipe werker wat egter nooit in posvlak gaan styg nie, is die hopelose, lui een, wat probeer lyf wegsteek. As hy nie dopgehou word nie, hou hy op met werk. As so iemand sien daar is geen toesig nie, pla hy ander, maak droog en hou selfs partytjies by die werk.

So iemand is sommer onverantwoordelik en liefdeloos teenoor medewerkers. Daar wag ‘n groot verrassing op hierdie tipe ou. Op ‘n dag, wanneer hy dit die minste verwag, gaan die eienaar by die werk opdaag en hom op heter daad betrap. Hierdie soort werker is ‘n huigelaar en het net homself om te blameer. So iemand sal alles verloor, dalk selfs sy lewe.

Wanneer Jesus weer terugkom, moet ons (sy werkers) gereed wees vir die besoek. Dit is ‘n opdrag dat jy tot met die wederkoms (dag en nag) jou oë op Hom gerig sal hou. As die eienaar lank wegbly (met ander woorde as Jesus se wederkoms lank voel), word sommige werkers al luier. Dit neem sommige gelowiges ook ‘n ruk om in ongeloof “in te groei.” Hulle word al luier, en hulle geloofslewe al flouer. Dit is ‘n feit dat mense se geloof in die eindtye sal afkoel. Jesus gee vir Sy volgelinge met hierdie gelykenis twee opdragte of werke:

- Versorg Sy mense (pas die besigheid op) en
- Wees gereed vir die besoek van die eienaar (moenie verslap in jou werk as daar nie deurentyd toesig is nie).

Vragies vir slim oortjies

- Hoe lyk die goeie werker? (Hy werk sonder toesig, hard en op sy eie).
- Wie is Jesus se werkers op aarde? (Die gelowiges).
- Wat beteken dit in die verhaal as Jesus sê: "Die eienaar het lank weg gebly?" (Die wederkoms het baie lank gevoel).

Plakkers

Kom ons soek die plakker vir die "Gelykenis van die wyse en getroue slawe." Plak dit nou op die regte plek in jou Odosboek in.

Besprekingspunte

- Hoe "verflou" iemand se godsdiens? (Bid minder, lees minder Bybel, gaan minder kerk toe, praat leliker ens).
- Kan jy 'n lou (lui) volgeling van Jesus wees? Hoekom nie? (Jesus sê self jy gee alles of niks).
- Wanneer dink jy gaan die wederkoms wees? (Niemand weet die tyd en die uur nie).

Lewensles

Dit is 'n opdrag dat ons nie ons geloof moet laat verflou nie. Wees getrou tot aan die einde.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, ai, ons is soms 'n flou spul! Blaas ons asseblief aan die brand! Ons wil volhard tot U ons weer kom haal en ons beloon vir ons werk as volgelinge van U.
Amen

Idees vir VET pret

Suigstokkies met iets binne in. Wat op ons wag met die wederkoms is 'n aangename verrassing. Die lewe is soms hard (soos hierdie suigstokkie), maar aan die einde (binne in) is alles die moeite werd.

Vers vir die week

Matteus 24: 45

”Wie is eintlik die getroue en verstandige slaaf vir wie die eienaar oor sy ander slawe aangestel het om hulle op tyd kos te gee?”

Net vir die lekker

Die kinders staan in ‘n kring en die leier begin die speletjie deur ‘n boontjiesakkie willekeurig na ‘n maat te gooi. Die maat moet ‘n vragie antwoord so vinnig as wat hulle kan en dan die boontjiesakkie gooi na enige maatjie in die kring terwyl hulle weer ‘n vraag vra. Vragies kan byvoorbeeld wees:

- Wat is jou naam?
- Het jy boeties en sussies?
- Wat is jou gunsteling kleur?
- Wat haat jy?
- Van watter Bybelstorie hou jy die meeste?